

# Voeging en skeiding van beskuldigdes in strafverhore: prosessuele onderskeid tussen die Child Justice Act 75 van 2008 en die Strafproseswet 51 van 1977<sup>1</sup>

I.J. Bezuidenhout, M.G. Karels

---

I.J. Bezuidenhout, Regskliniek, Universiteit van die Vrystaat

M.G. Karels, Departement Straf- en Prosesreg, Universiteit van Suid-Afrika

---

## *Opsomming*

Hierdie bydrae is 'n vergelykende, regsteoretiese ondersoek wat fokus op prosessuele en geregtigheidsoorwegings tydens die gesamentlike verhoor van 'n volwasse beskuldigde en 'n kind. Ons wys in die bespreking daarop dat die prosessuele oorwegings van skeiding van verhore met die gebruik van die Child Justice Act teoreties gegrond is op die beginsels van die Strafproseswet, hoewel die verwesenliking van geregtigheidsoorwegings met die inwerkingtreding van die Child Justice Act in 'n verhoor 'n komplekse prosessuele sinergie daarstel. Hierdie stelling word verduidelik aan die hand van oorwegings wat voortvloeи uit die toepassing van regsbeginsels wat ten doel het om die regte van 'n kind en gepaardgaande belang van 'n kind te beskerm. Die vraag wat ontstaan, is of die verwesenliking van die voorskrifte van die Child Justice Act in 'n verhoor waar volwasse en kinderbeskuldigdes gesamentlik teregstaan, gestand doen aan elkeen van die beskuldigdes se grondwetlike waarborg op 'n effektiewe en spoedige afhandeling van 'n billike verhoor. Ons doen aan die hand dat waar 'n gesamentlike verhoor van 'n kind met 'n volwasse beskuldigde onafwendbaar is, daar bykomende maatreëls ingestel moet word om ener syds gestand te doen aan beide kategorieë beskuldigdes se reg op 'n billike verhoor, en andersyds uiting te verleen aan die behoorlike funksionering van die regspleging.

**Trefwoorde:** akkusatoriese verhoorstelsel; beste belang van 'n kind; behoorlike regspleging; billike verhoor; Child Justice Act; geregtigheidsoorwegings; inkvisitoriese verhoorstelsel; kinderoortreder; prosessuele vereistes; skeiding; Strafproseswet; verhoor van kinders; voeging.

### **Abstract**

#### **Joinder and separation in criminal trials: procedural differentiation between the Child Justice Act 75 of 2008 and the Criminal Procedure Act 51 of 1977**

This submission is a comparative investigation which focuses on issues of fairness and procedural legitimacy during a trial where an adult and a child are co-accused in the same instance. It is submitted that the principles of separation are theoretically grounded in the Criminal Procedure Act and their juxtaposition with the Child Justice Act, when used simultaneously at trial, create a complicated procedural synergy. This submission is explained within the legislative imperative to protect the child's rights and best interests. The question that arises from this investigation is whether the Child Justice Act, applied at the joint trial of an adult and child co-accused, is effective in protecting both parties' constitutional right to a fair and speedy trial. We submit that where a joint trial is unavoidable, material rules should be enacted to protect the right of both categories of offenders (i.e. adult and child) to a fair trial on the one hand and to give effect to the proper functioning of the criminal justice process on the other.

It is argued that the unique position of a child offender in the South African criminal justice system is not a contemporary paradigm, but rather finds its origin in the field of sentencing, which has long recognised youth as a mitigating factor. Before the enactment of the Child Justice Act, age differences between co-accused were likewise relevant largely at the sentencing phase. But with the enactment of the act the position with regard to child and adult co-accused changed. In terms of the act, a child and adult co-accused can be tried before the same court with the proviso that the court must apply the Child Justice Act to the child and the Criminal Procedure Act to the adult. This in and of itself is not irregular. However, considering that the theoretical principles and regulations which underlie separation and joinder are grounded in the Criminal Procedure Act, and allowing for the best interest of the child, we argue that this confluence of procedure may infringe the right to a fair trial for both parties in certain instances. Within the ambit of both section 28 of the Constitution and the approach of the Child Justice Act the best interest of the child is of paramount concern. In *S v M (Centre for Child Law as Amicus Curie)* 2007 2 SASV 539 (KH) the court regarded the best-interest standard as flexible, but it is averred that in the criminal arena the best-interest standard may infringe the demands of legal certainty and legitimacy both where a child is tried alone and where he or she is a co-accused.

In all instances the court has judicial discretion to order separation of trial. While this discretion occurs within the bounds of various factors, the most pertinent of these is the potential prejudice which a joint trial may cause to a co-accused. This approach was confirmed by the court in *R v Bagas* 1952 1

SA 437 (A). The Child Justice Act does not provide for joinder and separation outside of the requirements of section 63(2). However, where an adult and child are tried together the potential for prejudice to both parties is evident. The first of these is found in the difference between the adversarial nature of the adult process and the inquisitorial process of child justice. The Child Justice Act permits the court in section 63(4)(a) to question a child and elicit further information from any party involved in the proceedings if the court considers it in the best interest of the child. In a joint trial the court must thus assume both an adversarial (traditionally passive) and inquisitorial (traditionally active) role during a single trial, which may, we aver, have a serious impact on the right to a fair trial for the adult accused. If one considers that the accusatorial system requires the prosecutor to discharge the burden of proof using evidence presented at court, while the inquisitorial system requires the court to involve itself in the pursuit of the material truth, the discrepancy caused by the child justice procedure, and the potential for prejudice to both parties is evident. While it is trite that the Criminal Procedure Act contains certain inquisitorial elements – as is evident in, for example, sections 167 and 186 – the discretion provided for in section 63(4)(a) of the Child Justice Act far exceeds these boundaries. Section 63(4)(a) permits the court to elicit “additional information” from “any person involved in the proceedings” if it is in the best interest of the child. But when one considers that the adult co-accused has the right to a passive defence, this provision is problematic. The court, in terms of section 63(4)(a), could theoretically elicit information from an adult co-accused who has elected to remain silent, provided it is in the best interest of the child. In addition, the Child Justice Act does not define the meaning of “additional information” which may be elicited and this could prove prejudicial to the adult co-accused. Further, the inclusion of section 63(4)(a) is nonsensical when one factors in that a child cannot appear before a child justice court without legal representation, and thus the court’s involvement in questioning cannot be excused on the basis that there is inequality between the parties.

Of further concern is the issue of a speedy trial. Both the Child Justice Act and the Criminal Procedure Act are prescriptive in terms of finalisation of trial. Where the trial of an adult is unreasonably delayed, the two-prong test established in section 342A of the Criminal Procedure Act is activated. In contrast, however, the Child Justice Act provides a direct instruction in section 66(1) to prevent delays in the trial of a child and to ensure that postponements are limited in both number and duration. Section 66(1) leads one to assume that the trial of a child will enjoy preference on the court roll and that matters involving an adult accused do not. This approach is confirmed by the court in *S v Mbokhani*, where a child is a witness or complainant, and we aver that it would apply equally where the child is the accused. In light of this provision it is thus reasonable to state that an adult will receive preferential treatment and a speedier trial where tried as a co-accused with a child. This situation is in direct contrast to section 9 of the Constitution, which guarantees equality before the law.

A further issue arising from the joint trial of an adult and child co-accused relates to the sentencing phase. Section 71(1)(a) of the Child Justice Act requires the child justice court to order a sentencing report for a child accused. Section 71(2) prescribes a period of 6 weeks in which the probation officer must complete this report. This 6-week delay interferes with the speedy conclusion of the case for the adult co-accused. While section 71(1)(b) prescribes that the court may do away with such a sentencing report where its request will result in prejudice to the child, it does not permit this where the prejudice is to an adult co-accused.

A further point of concern relates to automatic review. The Child Justice Act is not clear whether the automatic review provisions apply equally to an adult co-accused in the same instance. This is an especially important consideration in light of Kruger's<sup>2</sup> contention that an automatic review is not limited to questions of irregularity and can in actuality result in an *informal appeal*.

This article explores the themes briefly outlined above within the comparative context of England and Wales. It concludes by providing recommendations for the averred lacunae caused by the Child Justice Act when applied to the joint trial of an adult and child co-accused.

**Keywords:** accusatorial trial system; best interest of the child; Child Justice Act; child offender; Criminal Procedure Act; fair trial; inquisitorial trial system; justice; joinder; procedural requirements; trial of a child.

## 1. Inleiding

Alvorens geregtigheidsoorwegings tydens 'n verhoor bespreek word, verdien die unieke klem wat die Child Justice Act op die beskuldigde se ouderdom plaas, verdere toelighting. Niteenstaande grondwetlike billikheidsoorwegings was die strafprosessuele fokus op die belang van 'n kind wat teregstaan merendeels toevertrou aan die vonnisoplegger. So byvoorbeeld was die *Lehnberg-saak*<sup>3</sup> toonaangewend vir Suid-Afrikaanse strafhowe se benadering tot kinders wat verhoor word. Die jeugdigheid van die beskuldigde het as't ware aandag vereis eers nadat die kind skuldig bevind is en dan slegs vanuit die oorkoepelende perspektief dat jeugdigheid versagtende omstandighede daarstel, aangesien dieselfde mate van oordeel nie van 'n kind<sup>4</sup> verwag kan word as wat van 'n volwassene verwag word nie.<sup>5</sup> So ook het verwysings na jeugdigheid met verloop van tyd veral op die voorgrond getree met die oplegging al dan nie van wetlik voorgeskrewe vonnisse vir ernstige oortredings.<sup>6</sup> Die fokus op ouderdomsverskille tussen medebeskuldigdes was tot met die inwerkingtreding van die Child Justice Act in 2010 hoofsaaklik gereserveer vir vonnisoplegging.<sup>7</sup> In dié wet neem die Suid-Afrikaanse strafregstelsel egter 'n wending, aangesien die wet<sup>8</sup> aansienlike prosessuele gevolge vir die vervolging en verhoor van kinders daargestel het. Die Child Justice Act onderskraag die benadering, soos gevolg in die Grondwet,<sup>9</sup> dat 'n

kind (selfs waar die kind vervolg word) kwesbaar is en dat daar na daardie kind se belang omgesien moet word.<sup>10</sup> Nie alleen word daar nou van die strafoplegger verwag om gehoor te gee aan die eiesoortige belang van 'n kind (vanweë die kind se ouderdom) nie, maar word elke rolspeler in die normale verloop van die strafverhoor genoodsaak om ooreenkomsdig die wet op te tree waar 'n kind vervolg word.

Hierdie oorgang word in *S v RS*<sup>11</sup> soos volg beskryf:

The provisions of the Child Justice Act 75 of 2008 (the Act), which commenced on 1 April 2010, have ushered into the South African criminal justice system, more particularly its juvenile justice system, a new era, similar to that of the introduction of s 276(1)(h) and s 276(1)(i) of the Criminal Procedure Act. These provisions are, however, confined to that part of the criminal justice system that deals with, and includes, juvenile justice. The intention of the legislature with this legislation is clearly to give effect, form and content to constitutionally guaranteed rights of children as set out in s 28 of the Constitution read with s 35 of the Constitution, in context of the criminal justice system.

Vervolgens kyk ons hoe hierdie beginsel in die normale verhoorproses verweef word.

## **2. Bondige agtergrond van die Child Justice Act binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse strafregstelsel**

'n Humanistiese benadering tot kinders het die weg gebaan vir die daarstelling van die Child Justice Act. Sloth-Nielsen en Gallinet<sup>12</sup> verklaar:

[T]he general thrust of the Child Justice Act renders it a meaningful attempt to give effect to South Africa's constitutional and international law obligations, and that substantial compliance with the overarching norms relating to juvenile justice (as the field is termed internationally) has been brought about.

Die grondwetlike regte van die kind wat deur die Child Justice Act beskerm word, is veral die regte vervat in artikel 28(1)(b), 28(1)(d), 28(1)(e) en 28(1)(g) van die Grondwet.<sup>13</sup> Die regte van 'n kind draai veral rondom die "beste belang van die kind"-standaard soos ontleen aan gevestigde internasionale praktyk.<sup>14</sup> Suid-Afrika se formele verbinding om gehoor te gee aan die internasionale standaard blyk uit die bekragtiging van die African Charter on the Rights and Welfare of a Child (hierna die Charter) en die Verenigde Nasies se Convention on the Rights of the Child (hierna die Convention). Artikel 3 van die Convention gee toegepaste betekenis aan hierdie standaard: "In all actions concerning children, whether undertaken by

public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interest of the child shall be a primary consideration.”

Die unieke verwesenliking van dié standaard in die Grondwet is egter eiesoortig, omdat Suid-Afrika een van die min lande is wat dit pertinent in ’n grondwet verwoord het. Die verantwoordelikheid om hierdie maatstaf toe te pas, word bygevolg voor die deur van ieder en elk geplaas wat toevertrou word om toe te sien dat reg teenoor ’n kind geskied.<sup>15</sup>

Bonthuys<sup>16</sup> waarsku dat die beginsel van die beste belang van die kind nie altyd eenvoudige toepassing vind nie, veral omdat dit in die verlede nie daarin geslaag het om ’n betroubare en vasgestelde standaard te voorsien nie. Sy doen aan die hand dat hierdie probleme ondervang kan word as die Howe riglyne daarstel as basis waarvan gewerk kan word. Gedagtg hieraan sal ons later verwys na riglyne van die Engelse stelsel en hoe ons Howe voorsiening moet maak vir soortgelyke riglyne om ’n betroubare en vasgestelde standaard binne konteks van gesamentlike verhore te voorsien.

Veral van belang vir doeleindes van die huidige bespreking is die uitleg wat regter Sachs aan hierdie standaard in *S v M (Centre for Child Law as Amicus Curiae)*<sup>17</sup> gee:

[I]t is necessary that the standard should be flexible as individual circumstances will determine which factors secure the best interests of a particular child ... [T]he list of factors competing for the core of best interests [of the child] is almost endless and will depend on each particular factual situation ... [I]ndeterminacy of outcome is not a weakness. A truly principled child-centred approach requires a close and individualised examination of the precise real-life situation of the particular child involved. To apply a predetermined formula for the sake of certainty, irrespective of the circumstances, would in fact be contrary to the best interest of the child concerned.

Hierdie benadering van regter Sachs om nie ’n voorafbepaalde en vasgestelde formule te volg nie, maar eerder ’n individuele benadering vir die verhoordoeleindes, word egter nie deur die skrywers ondersteun nie. Sodanige benadering behoort nietemin vir vonnisdoeleindes te geld. Regsekerheid vereis dat die beskuldigde wat voor die hof verskyn, ingelig is oor die regstelsel, reëls en beginsels wat op hom van toepassing is en watter gevolge hy kan verwag indien ’n skuldigbevinding volg. In die woorde van Hahlo en Kahn<sup>18</sup> oor regsekerheid:

Generality, reasonableness and equality produce certainty. Since like cases are dealt with alike, the result of a law suit can generally be predicted, and a science of the law is possible. People in the ordinary course of events can fashion their affairs in safe anticipation of their legal consequences.

Indien 'n mens aanvaar dat dit een van die oogmerke van die formele reg is om te voldoen aan regsekerheid en legitieme billikheid, kan die toepassing van die beste-belang-standaard die balans van billikheid in die verhoor omverwerp. Hierdie gevolg kan nie voorkom alleen waar 'n kind apart verhoor word nie, maar ook waar 'n volwassene saam met 'n kind vervolg word. Enkele aspekte van hierdie procedurele onbillikheid word hier onder uitgelig.

### **3. Procedurele oorwegings by die voeging of skeiding van beskuldiges ingevolge die Strafproseswet**

#### **3.1 Artikel 155(1) van die wet**

Ingevolge hierdie artikel kan enige aantal deelnemers aan dieselfde misdryf gesamentlik verhoor word en enige aantal begunstigers by dieselfde misdryf kan gesamentlik verhoor word of enige aantal deelnemers aan dieselfde misdryf en enige aantal begunstigers by daardie misdryf kan gesamentlik verhoor word, en elke sodanige deelnemer en elke sodanige begunstiger kan by bedoelde verhoor aangekla word weens die betrokke selfstandige misdryf wat hom ten laste gelê word.

##### *3.1.1 Omskrywing van betrokkenes wat saam verhoor kan word*

###### *3.1.1.1 Deelnemers*

Volgens Kruger<sup>19</sup> ressorteer “daders” en “medepligtiges” onder die beskrywing van ‘n “deelnemer”:

Die dader (“perpetrator”) is die persoon wat die misdaad pleeg. Dié voldoen aan al die vereistes van die misdaadomskrywing. Die dader pleeg die misdaad óf self óf deur middel van 'n ander ... Die medepligtige (“accomplice”) is daarenteen 'n deelnemer wat *nie* 'n dader is nie. By die medepligtige ontbreek die *actus reus*. Die dader pleeg die *actus reus* en die medepligtige vereenselwig sig daarvan deur bewustelik inligting, middele of die geleentheid ter bevordering van die pleging te verskaf.

Insgelyks beskryf Snyman<sup>20</sup> *deelnemers* ( “participants”) ook as “perpetrators and accomplices .... They both participate in the commission of the crime because they either commit it themselves or promote its commission.” In hul verduideliking van die vorme wat deelneming kan aanneem, verwys Burchell en Milton<sup>21</sup> na deelneming waar 'n persoon 'n ander kry om 'n misdaad te pleeg. Hierdie persoon kan byvoorbeeld 'n onwillige persoon of 'n jong kind wees.<sup>22</sup>

### 3.1.1.2 Begunstigers

Artikel 155 maak ook voorsiening vir die gesamentlike verhoor van “begunstigers”, asook begunstigdes, tesame met deelnemers. Kruger<sup>23</sup> beskryf ’n begunstiger as “iemand wat, nadat die misdryf gepleeg is, die dader of deelnemer help om die gereg te ontduiik”.

### 3.2 Artikel 156 van die wet

Artikel 156 het ook ten doel om die situasie te voorkom waar getuenis wat meerdere beskuldigdes impliseer, herhaal sal moet word en maak daarvoor voorsiening dat meerdere persone gesamentlik verhoor kan word. Die onderskeid tussen artikels 156 en 155 is huis daarin geleë dat ingevolge artikel 156 die persone wat saam verhoor word, nie noodwendig op dieselfde misdryf teregstaan nie. Kruger<sup>24</sup> verklaar in hierdie verband:

Die vertrekpunt is dat veelvuldigheid van verrigtinge waar moontlik vermy word. Duplikasie veroorsaak verkwisting van tyd, talente en geld – tot nadeel van die gemeenskap. Dit is bowendien gewoonlik in belang van die regstelling dat diegene wat op dieselfde aanklag teregstaan, saam verhoor word ... Die wetgewer het dan ook aangedui dat deelnemers, begunstigers en delers saam aangekla kan word (artikel 155) en selfs persone wat net op dieselfde tyd en plek oortree het (artikel 156). Daar moet ook in gedagte gehou word dat dit die aanklaer se reg as *dominus litis* is om die klagstaat na goeddunke te formuleer. Die staat moet nie gedwarsboom word in die aanbieding van sy saak nie (*R v Kritzinger* 1952 (4) SA 651 (W) 654). Wie dan skeiding aanvra, doen dit teen die voorgaande agtergrond.

Kruger<sup>25</sup> voer ook aan dat die besluit om verhore van meerdere beskuldigdes te skei, al dan nie, berus by geregtelike diskresie en dat sodanige besluit in appèl aangeveg kan word slegs indien daar ’n “regskending” ontstaan het met die besluit.<sup>26</sup>

### 3.3 Geregtelike diskresie om saam te verhoor

Joubert e.a.<sup>27</sup> verduidelik dat die besluit om saam te verhoor of nie geneem moet word deur al die toepaslike faktore en oorwegings in berekening te bring met wat in die omstandighede in die belang van gerechtigheid sal wees. ’n Opweging van die belang van die gemeenskap teenoor die belang van die individuele beskuldigde vind plaas: die benadeling wat die aansoeker moontlik kan ly indien skeiding nie plaasvind nie, word opgeweeg teen die benadeling wat die ander beskuldigde of die vervolging kan ly indien skeiding gelas word.

In *R v Bagas*<sup>28</sup> word riglyne daargestel aan die hand waarvan besluit moet word of die benadeling wat kan volg, ’n skeiding van verhore regverdig:

To succeed an appellant will have to show that in some manner the dice were loaded against him by reason of the joint trial; that he suffered, or probably suffered prejudice to which he should not have been made subject. Such prejudice is not presumed.

Werklike benadeling moet aangetoon kan word alvorens die hof skeiding van verhore van twee of meer beskuldigdes sal gelas.<sup>29</sup>

#### **4. Voeging en skeiding ingevolge die Child Justice Act**

Artikel 63(2) van die Child Justice Act bepaal soos volg:

Where a child and an adult are charged together in the same trial in respect of the same set of facts in terms of section 155, 156 and 157 of the Criminal Procedure Act, a court must apply the provisions of – (a) this Act in respect of the child; and (b) the Criminal Procedure Act in respect of the adult.

Voormalde bepaling bewerkstellig die voeging en skeiding van verhore van 'n kind en 'n volwasse beskuldigde, met die voorbehoud dat die prosedure soos voorgeskryf deur die Child Justice Act steeds ten opsigte van die kind moet geld.

In *S v Gxaleka*<sup>30</sup> word hierdie voorbehoud benadruk:

In my view the failure in these proceedings to deal with the accused as a child in terms of the Child Justice Act, but instead to conduct these proceedings in accordance with the Criminal Procedure Act 51 of 1977, was a serious anomaly tantamount to a gross irregularity and with a great potential to lead to a miscarriage of justice in respect of the accused.

Die Child Justice Act maak nie spesifieker voorsiening vir die voeging en skeiding van verhore waar beide beskuldigdes kinders is nie. Die wet sal ten aansien van elkeen van die kinders toegepas word.

#### **5. Prosessuele verskille in die gelyktydige toepassing van die Child Justice Act en die Strafproseswet in een verhoor**

Soos reeds vermeld, word daar voorsien dat in gevalle waar 'n kind saam met 'n volwasse persoon verhoor word, die prosessuele verskille tussen die Child Justice Act en die Strafproseswet sekere eise sal stel wat die behoorlike regsgpleging in gedrang kan bring.

### **5.1 Inkvisitoriese aard van verhoorprosedures ingevolge die Child Justice Act**

Suid-Afrikaanse strafhowe volg 'n akkusatoriese verhoorprosedure.<sup>31</sup> Artikel 63(4)(a) van die Child Justice Act bepaal daarteenoor as volg: "A child justice court must, during the proceedings, ensure that the best interest of the child are upheld, and to this end – (a) may elicit additional information from any person involved in the proceedings."

Na aanleiding hiervan kan daar aangevoer word dat die Child Justice Act 'n inkvisitoriese prosedure voorskryf, terwyl die Strafproseswet hoofsaaklik akkusatories van aard is. In hierdie opsig funksioneer die twee wette lynreg teenoor mekaar. Waar 'n kind saam met 'n volwassene teregstaan, sal die hof as't ware beide die inkvisitoriese en die akkusatoriese prosedures in een verhoor moet volg. Die "vermenging" van verhoorstelsels in hierdie konteks kan prosedurele geregtigheid en die volwasse beskuldigde se reg op 'n billike verhoor in die wiele ry. Die prosessuele uitdaging wat hiermee gestel word, kan as volg gedemonstreer word:

[T]he distinguishing feature of an adversary system is the *passivity* of the decisionmaker who must make his decision in light of the material the parties choose to present to him; whereas in the inquisitorial system the decisionmaker is not thus limited, but may if he wishes *actively* search out and incorporate in his decision materials which neither party wishes to present.<sup>32</sup>

Een van die sentrale kenmerke van 'n akkusatoriese stelsel is dat die verhoorhof geen ondersoekende rol vervul nie en die skuld of onskuld van beskuldigdes bepaal aan die hand van getuenis wat deur die staat en verdediging voorgelê word.<sup>33</sup> Hier teenoor vertolk die voorsittende beamppte in die inkvisitoriese stelsel 'n ondersoekende rol en is deel van die soeke na die materiële waarheid.<sup>34</sup>

Artikel 186 (asook artikel 167) van die Strafproseswet verleen wel in 'n mate inkvisitoriese kenmerke aan ons verhoorstelsel.<sup>35</sup> Hierdie artikels verwys na die hof se bevoegdheid om uit eie beweging 'n persoon voor die hof te kry en te ondervra, met die voorbehoud dat die hof nie 'n beskuldigde mag ondervra tensy die beskuldigde reeds getuig het nie.<sup>36</sup> In 'n suiwer akkusatoriese stelsel funksioneer die voorsittende beamppte binne streng bewysregtelike reëls en beoordeel die saak aan die hand van die bewyslas.<sup>37</sup>

Voormalde artikels beklemtoon egter die beginsel dat die hof ook in die akkusatoriese verhoorstelsel verplig is om toe te sien dat reg geskied. *R v Hepworth*<sup>38</sup> ondersteun veral hierdie beginsel:

A criminal trial is not a game where one side is entitled to claim the benefit of any omission or mistake made by the other side, and a

judge's position in a criminal trial is not merely that of an umpire to see that the rules of the game are observed by both sides. A judge is an administrator of justice, he is not merely a figurehead, he has not only to direct and control the proceedings according to recognised rules of procedure but to see that the justice is done.

Die onderskeid tussen die artikels in die Strafproseswet en artikel 63(4)(a) van die Child Justice Act is egter dat die verhoorhof geensins 'n beskuldigde kan verplig om te getuig waar die beskuldigde nie gewillig is om dit te doen nie, of om 'n beskuldigde te verplig om aan sy eie verweer deel te neem nie. Luidens die eng uitleg van die bepalings van artikel 63(4)(a) word hierdie grondwetlike swygreg van 'n medebeskuldigde (soos vervat in artikel 35(3)(h) en (j) van die Grondwet) nie gewaarborg nie. Die hof kan as't ware die ondervraging van die getuies, asook ondervraging van die volwasse beskuldigde (as synde "any person involved in the proceedings"), op homself neem indien die hof meen dat dit in die beste belang van die medebeskuldigde kind is. Dit is ook nie duidelik wat die wetgewer beoog het met "additional information" nie. Bykomende inligting wat in die beste belang van die kind is, is nie noodwendig in die beste belang van die medebeskuldigde nie. Die redes vir die insluiting van artikel 63(4)(a) is nie duidelik nie, veral gegewe die feit dat die kind nooit onverteenwoordig verhoor sal word nie.<sup>39</sup> Die beweegrede vir die insluiting van die artikel kan gevvolglik nie geregverdig word deur aan te voer dat die wetgewer met die artikel poog om die wanbalans reg te stel waar een van die partye onverteenwoordig is in 'n stelsel wat gesien kan word as 'n "stryd tussen twee opponerende partye nie".<sup>40</sup> Samevoeging van verhore (in konteks van hierdie artikel) kan gevvolglik uitloop daarop dat die individuele regte van en procedurele billikheid teenoor die volwasse beskuldigde spreekwoordelik geoffer word op die altaar van inkvisitoriese verhoorbehartiging.<sup>41</sup>

## **5.2 Spoedige afhandeling van verhore**

Sowel die Strafproseswet as die Child Justice Act is voorskriftelik sover dit die spoedige afhandeling van verhore betref. Artikel 342A van die Strafproseswet is 'n doelbewuste poging van die wetgewer om uitvoering aan artikel 35(3)(d) van die Grondwet te gee: "Every accused person has a right to a fair trial, which includes the right – (d) to have their trial begin and conclude without unreasonable delay." Hierdie bepaling het egter slegs betrekking op "onredelike vertragings" wat soos volg toepassing vind:<sup>42</sup> "[Dit gaan] gewoonlik om een of albei van twee vrae: (i) is die tydsverloop waarvoor die vervolging te blameer is, onredelik? So ja, (ii) wat moet dientengevolge gedoen word?"<sup>43</sup> In teenstelling met die Strafproseswet, maak die Child Justice Act voorsiening vir vasgestelde tydperke waarbinne 'n kind wat vervolg staan te word, moet verskyn. Artikel 66(1) van die Child Justice Act is veral van belang vir afhandeling van verhore. Dit bepaal naamlik dat "[a] child justice court must conclude all trials of children as speedily as possible and must

ensure that postponements in terms of this Act are limited in number and in duration”.

Na aanleiding van hierdie bepaling kan aangevoer word dat verhore waarby kinders betrokke is, voorkeur sal geniet op die hofrol, en ouer verhore moontlik van die spesifieke hofrol “uitgedruk” kan word.<sup>44</sup> In *S v Mbokhani*<sup>45</sup> wys die hof daarop dat voorkeur aan verhore gegee moet word waar kinders as slagoffers of as ooggetuies moet getuig en dat nievoldoening hieraan inbreukmaking op die grondwetlike regte vervat in artikel 28(2) tot gevolg sal hê. Sodanige benadering behoort ook van toepassing te wees waar die kind verhoor word. In hierdie opsig kan ’n volwasse beskuldigde wat saam met ’n kind verhoor word, noodwendigerwys ’n spoediger afhandeling van die verhoor te wagte wees, anders as in die geval waar die volwasse beskuldigde alleen verhoor word. Die oogmerk met hierdie artikel is nie dat hierdie bespoediging van die verhoor ’n onregverdige voordeel vir volwasse beskuldigdes sal meebring nie, maar daar word voorsien dat daar wel ’n voordeel vir laasgenoemdes sal wees. Hierdie voordeel is dus nieteenstaande die bepalings van artikel 9 van die Grondwet, wat gelykheid voor die reg, gelyke beskerming en voordeel van die reg vir alle persone waarborg.

Tydens vonnisoplegging moet die strafhof in die algemeen ingevolge artikel 71(1)(a) van die Child Justice Act ’n voorvervonnisverslag ten opsigte van ’n kind aanvra. Die wet maak ook voorsiening vir die voorkoming van ’n onnodige vertraging by die verkryging van ’n voorvervonnisverslag. In hierdie verband bepaal artikel 71(2) van die wet dat die proefbeampte die voorvervonnisverslag so gou as moontlik moet opstel binne ’n tydperk van ses weke vanaf die datum waarop die voorvervonnisverslag aangevra is.<sup>46</sup> Hierdie ses-weke-tydperk kan noodwendigerwys ’n vertraging in die afhandeling van die verhoor vir die volwasse medebeskuldigde tot gevolg hê. Die vraag ontstaan dan of die voorvervonnisverslag moet verval indien die verkryging daarvan ’n vertraging in die afhandeling van die verhoor teweeg sal bring. Artikel 71(1)(b) van die Child Justice Act bepaal dat die hof afstand mag doen van die voorvervonnisverslag in gevalle waar die verkryging daarvan die afhandeling van die verhoor sal vertraag, maar met die voorbehoud dat die vertraging tot nadeel van die kind sal wees. Die nadeel wat kan voortspruit vir die medebeskuldigde volwassene word buite rekening gelaat deur die bepalings van die Child Justice Act.

### 5.3 Outomatiese hersiening

Die reg op outomatiese hersiening geld ten opsigte van die kind wat verhoor is, maar dit is nie duidelik of hierdie reg outomatis betrekking sal hê op die volwasse medebeskuldigde wat saam met die kind verhoor is nie. Kruger<sup>47</sup> bespreek die aard van outomatiese hersiening ingevolge die Strafproseswet en wys daarop dat outomatiese hersiening gelykgestel kan word aan ’n informele appèl: “[D]is nie tot onreëlmatrighede beperk nie en enige punt wat op appèl oorweging kon geniet, word hieroor oorweeg.”

## 6. Riglyne uit die strafregstelsel van Engeland en Wallis

Die Engelse strafregstelsel soos dit tans daar uitsien, maak voorsiening vir jeughowe vir doeinde van die verhoor van 'n kind.<sup>48</sup> Hierdie howe is 'n spesifieke vorm van landdroshowe waarvan die procedures ietwat verskil van die gewone landdroshowe om dit meer toeganklik te maak vir kinders wat verhoor word. Die vernaamste onderskeid tussen jeughowe en landdroshowe vir volwassenes is dat jeughowe minder formeel is, ten spyte daarvan dat dieselfde procedures as in summiere verhore van volwassenes gevvolg word.<sup>49</sup>

Volgens die Engelse en Walliese strafregstelsel kan 'n kind egter ook in 'n landdroshof vir volwassenes, of in 'n sogenaamde "crown court",<sup>50</sup> verhoor word. Een geval waar die kind nie in die jeughof verhoor sal word nie, maar in een van die laasgemelde howe, is waar die kind saam met 'n volwasse medebeskuldigde aangekla word.<sup>51</sup> Die eerste verskyning van beide hierdie beskuldigdes sal dan in die landdroshof plaasvind en nie in die jeughof soos normaalweg die geval met kinders is nie.<sup>52</sup> Die kind en die volwasse medebeskuldigde word ingevolge artikel 46(1) van die Children and Young Persons Act van 1933 aangekla in die landdroshof en hierdie hof besluit dan of dit nodig is, of dat dit in die belang van geregtigheid is, dat die verhoor van die kind in die "crown court" moet plaasvind. Nadat vasgestel is of die volwasse medebeskuldigde onskuldig gaan pleit, sal daar bepaal word of die verhoor in die landdroshof of in die "crown court" moet plaasvind. Die besluit om die verhoor na die een of die ander hof oor te plaas, word gedoen aan die hand van artikel 24(1)(b) van die Magistrates' Courts Act van 1980. Die saak word verhoor in die "crown court" waar beide die beskuldigdes aangekla word as "principal offenders"; waar die volwassene normaalweg in die hooggereghof verhoor sal word; of waar die voorsittende beampete besluit dat dit in die belang van geregtigheid is dat beide die medebeskuldigdes in die hooggereghof verhoor moet word.<sup>53</sup>

Die bepalings van die Strafproseswet vind weerklank in die bepalings van artikel 24(1)(b) van die Magistrates' Courts Act van 1980 in sover die hof tussen die landdroshof en "crown court" moet besluit. Waar die hof besluit om die kind gesamentlik met die volwasse medebeskuldigde te laat teregstaan in die "crown court", word die hof genoodsaak om in die belang van geregtigheid teenstrydige belange op te weeg. Aan die een kant neem die hof oorwegings in ag wat normaalweg met die effektiewe funksionering van die regstelsel verband hou, naamlik die algehele kostebesparing en vermyding van ongerief vir die getuies, asook die vermyding van ongelyksoortige uitsprake en vonnisse. Aan die ander kant moet die hof oorweeg of dit onredelik traumatis vir die kind sal wees om in die "crown court" te verskyn. By hierdie oorweging word die volgende faktore in ag geneem:<sup>54</sup> die kind se ouderdom; die onvolwassenheid en intellektuele vermoëns van die kind; die misdadigheid van elkeen, en of die rol wat die kind vertolk het, klein was in vergelyking met die rol van die volwassene; die kind se gebrek aan vorige veroordelings teenoor dié van die volwassene; of die verhore geskei kan word

sonder enige ongerief vir die getuies of ongeregtigheid wat kan voortspruit; die noodsaaklikheid om met die jeugdige te handel op 'n spoedig moontlike wyse wat versoenbaar is met die belang van geregtigheid; asook die moontlike vonnisse wat opgelê kan word by skuldigbevinding. Anders gestel: hoe jonger die kind en hoe minder ernstig die aanklagte teen die kind, hoe minder wenslik sal dit wees om die kind in die "crown court" te verhoor. Daar moet dan ook gekyk word na die waarskynlikheid dat die kind op die aanklagte sal skuldig/onskuldig pleit en in welke mate die kind by die misdryf betrokke was.

'n Skeiding van verhore sal meer waarskynlik wees waar die kind skuldig pleit, die staat sodanige pleit aanvaar, en waar die kind 'n mindere rol vertolk het in die pleging van die misdryf.<sup>55</sup> Daar word gevolglik reeds by die stel van die aanklagte in die landdroshof ook van die kind verwag om die pleit op die aanklagte(s) bekend te maak.

Buiten voormalde oorwegings is die hof ook verplig om na die spesifieke misdryf te kyk by die besluit om die kind in die "crown court" te verhoor. Die Engelse reg maak voorsiening vir "grave crime procedure". Kragtens artikel 91(1) van die Powers of Criminal Courts (Sentencing) Act van 2000 ressorteer die volgende misdrywe onder wat beskryf kan word as "grave crimes": 'n misdryf wat indien dit deur 'n volwasse oortreder gepleeg is, gevangenisstraf van 14 jaar of meer sal regverdig; asook spesifieke oortredings van die Sexual Offences Act van 2003. Waar 'n kind hierop teregstaan, sal die verhoor in die "crown court" geskied.<sup>56</sup>

### ***6.1 Engelsregtelike oorwegings vir die Suid-Afrikaanse konteks***

Selfs na die inwerkingtreding van die Child Justice Act in die Suid-Afrikaanse strafprosesreg word die besluit om beskuldigdes saam te verhoor al dan nie, geneem aan die hand van die bepalings van artikels 155 en 156 van die Strafproseswet en die riglyne wat daaruit ontwikkel het. Daar is geen wetlik voorgeskrewe oorwegings wat bykomend geneem moet word waar een van die beskuldigdes 'n kind is, soos in die geval van die Engelse strafregstelsel, nie.

Die besluit om twee of meer persone gesamentlik te verhoor word hoofsaaklik geneem aan die hand van die oortreding, die rol wat elkeen van die beskuldigdes gespeel het in die pleging van die misdryf en die doelmatigheid van 'n gesamentlike verhoor wat die aanbieding van getuienis sal vergemaklik. Hierdie besluit word geensins geneem met inagneming van die individuele omstandighede van elkeen van die beskuldigdes nie, buiten waar een van die beskuldigdes se reg op 'n billike verhoor in gedrang sal kom deur openbaarmaking van die feitelike agtergrond van die misdryf. Al die oorwegings wat gaan oor die beskuldigde as persoon, het ten doel om te verseker dat die beskuldigde nie onnodig geïnkrimineer sal word nie en in watter mate die hof se onpartydigheid verseker kan word. Hier teenoor moet die hof in die Engelse stelsel reeds tydens die voorverhoorstadium spesiale

oorweging skenk aan die moontlike trauma waaraan die kind onderwerp sal word indien die kind saam met 'n volwasse persoon verhoor sou word.

Suid-Afrikaanse strafhowe fokus daarop om 'n kind te akkommodeer in die stelsel sonder om regsekerheid in die eenvormige toepassing van die procedures te bevorder of te verseker. Erkenning word gegee aan voorskrifte wat reeds in ons verhoorstelsel ingebou is om gevolg te gee aan die belang van die kind, soos die gebruik van tussengangers, die beskerming van 'n kind se identiteit en onafhanklike waarneming van die proses. Die grondwetlike waarborg van 'n billike verhoor noop ons egter om bykomende maatreëls daar te stel om toe te sien dat die aanbieding van getuienis deurgaans aan die hand van objektiewe standarde geskied. In die Engelse stelsel word die kind en 'n volwasse beskuldigde gesamentlik verhoor deur gebruik te maak van 'n eenvormige prosedure; in Suid-Afrika, daarenteen, word die howe (ongeag enige ander oorweging) verplig om 'n tweeledige verhoorstelsel te volg wat in een verhoor vermeng word. Die hof neem aktief deel aan bewyslewering in die verhoor van 'n kind en word tegelykertyd verplig om nie in te meng met die aanbieding van getuienis teen die volwasse beskuldigde nie. Hierdie grens kan kwalik volgehou word sonder om vrae te ontlok wat moontlik die volwasse beskuldigde se reg op 'n billike verhoor in gedrang bring. Waar die staat in die normale verhoor *dominus litis* is en die voorsittende beampete moet toesien dat die verhoor ordelik aan die hand van streng bewysregtelike reëls geskied, word daar nou van die hof verwag om aktief aan die aanbieding van getuienis deel te neem.

## 7. Gevolgtrekking

Ongeag die mate waarin die Child Justice Act ten doel het om 'n afsonderlike en eiesoortige verhoorstelsel te skep, is dit duidelik dat waar 'n kind saam met 'n volwasse persoon verhoor word, die kind se belang gedien word slegs deur die rol wat die voorsittende beampete moet vertolk. Hoewel dit duidelik is dat die outomatiese skeiding van verhore van die kind en 'n volwasse beskuldigde die werklading van die rolspelers in 'n verhoor sal vermenigvuldig, kan die regmatige verwagtinge van 'n kind wat beskerm moet word, nie onderdruk word deur wat pragmatis voorgegee word nie.

Die Child Justice Act maak voorsiening vir 'n voorlopige ondersoek wat moontlik kan dien as die perfekte forum vir die hof om die vraag na voeging en skeiding van 'n kind en 'n volwasse beskuldigde te oorweeg. Die Wet maak voorsiening vir 'n gesamentlike voorlopige ondersoek waar meerdere kinders beskuldig staan, maar verleen aan die hof 'n diskresie om afsonderlike voorlopige ondersoeke te hou. Hierdie diskresie geniet egter nie voldoende aandag in die verhoorstadium waar die medebeskuldigde 'n volwasse persoon is nie.

Volgens *Centre for Child Law v Minister of Justice and Constitutional Development*<sup>77</sup> beteken die grondwetlike afleiding dat 'n kind se belang wesenlik is in enige aangeleentheid waar 'n kind betrokke is, dat die kind se belang belangriker is as enige ander oorweging, maar nie dat enige ander oorweging nie belangrik is nie. Waar oorweging gegee word aan wat in die beste belang van 'n kind sal wees, word voorgestel dat uitvoering gegee word aan hierdie standaard deur eerder te oorweeg wat nie in die spesifieke omstandighede in die belang van die kind sal wees nie.

'n Billike verhoor kan bewerkstellig word net indien die regte van al die beskuldigdes wat saam verhoor word, gerespekteer word. Die oorweging om 'n kind saam met 'n volwassene te vervolg, moet reeds in die voorlopige ondersoekstadium plaasvind en nie waar die kind reeds op die aanklag in 'n ope hof gepleit het nie. Na aanleiding van die oorwegings wat in hierdie bydrae belig is, word die gevolgtrekking bereik dat 'n gesamentlike verhoor van 'n kind en 'n volwasse persoon teen elke prys vermy moet word.

In die oorweging om 'n kind saam met 'n beskuldigde te verhoor, moet daar reeds tydens die voorlopige ondersoekstadium oorweeg word watter prosessuele gevolge moontlik sal ontstaan indien 'n kind saam met 'n volwassene verhoor word.

Sou dit onvermydelik volg dat 'n kind saam met 'n volwasse persoon verhoor moet word, moet daar bykomende maatreëls ingestel word waaraan 'n verhoor moet voldoen. Hierdie bykomende maatreëls sluit die volgende in: eenvormigheid in die aanbieding van getuenis; eenvormigheid in die toepassing van die bewyslas; asook dat die hofsaal sodanig ingerig word dat die kind minder geïntimideerd sal voel.

Bykomend hiertoe word voorgestel dat die verhoorhof se hande spreekwoordelik losgemaak moet word van die verantwoordelikheid wat gestel word om toe te sien dat uitvoering gegee word aan die prosessuele oogmerke van die Child Justice Act. Dieselfde doel (naamlik om uitvoering te gee aan die prosessuele vereistes van die Child Justice Act) kan bereik word deur gebruik te maak van 'n assessor wat spesifiek vir hierdie doel opgelei is. Hierdie assessor sal verantwoordelik wees om toe te sien dat die kind 'n billike verhoor ontvang waar die procedurele oorwegings die kind onnodig kan traumatiseer. In hierdie verband sal die assessor se rol verskil van die rol van die waarnemers vir wie daar reeds in die Child Justice Act voorsiening gemaak word, asook van die rol van assessors in die verloop van normale strafverhore.

## Bibliografie

- Bezuidenhout, C. en S. Joubert. (reds.). 2009. *Child and youth misbehaviour in South Africa*, Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Brett, P. 1973–1974. Legal decisionmaking and bias: a critique of an “experiment”. *University of Colorado Law Review*, 45:1–22.
- Burchell, J. en J. Milton. 1994. *Principles of criminal law*. Kaapstad, Wetton en Johannesburg: Juta.
- Currie, I. en J. de Waal. 2010. *The Bill of Rights handbook*. 5de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Du Toit, E, De Jager, FJ, Paizes, A, Skeen A, van der Merwe, SE (red.) 2010. *Commentary on the Criminal Procedure Act*. Bywerking 44. Wetton en Kaapstad: Juta.
- Finegan, S. 2008–2009. Pro se criminal trials and the merging of inquisitorial and adversarial systems of justice. *Catholic University Law Review*, 58:445–500.
- Hahlo, H.R. en E. Kahn. 1968. *The South African legal system and its background*. Kaapstad: Juta.
- Hungerford-Welch, P. 2009. *Criminal Procedure and Sentencing*. 7de uitgawe. Londen en New York: Routledge-Cavendish.
- Joubert, J.J. (red.), Geldenhuys, T, Swanepoel, JP, Terblanche, SS, en van der Merwe, SE 2013. *Strafprosesreg Handboek*. (11de uitgawe). Kaapstad: Juta.
- Karels, M.G, Swanepoel, JP, Lötter S. 2011. The influence of the Child Justice Act 75 of 2008 on the application of justice in South Africa: interpretation quae parit absurdam, non est admittenda? *International Proceedings of Economics Development Research*, 17:148–53.
- King, M.T. 2001–2002. Security, scale, form, and function: the search for truth and the exclusion of evidence in adversarial and inquisitorial justice systems. *International Legal Perspectives*, 12:185–205.
- Kruger, A. 2010. *Hiemstra Suid-Afrikaanse strafproses*. 7de uitgawe. Durban, Johannesburg en Kaapstad: LexisNexis.
- Nagorcka, F, Stanton, M, Wilson, M 2005. Stranded between partisanship and the truth? A comparative analysis of legal ethics in the adversarial and inquisitorial systems of justice. *Melbourne University Law Review*, 29:448–77.

Robinson, J.A. (red.). 1997. *The law of children and young persons*. Durban, Johannesburg en Kaapstad: Butterworths.

Schwikkard, P.J., van der Merwe, SE 2009. *Beginsels van die bewysreg*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Sloth-Nielsen, J. en J. Gallinetti. 2011. "Just say sorry?" Ubuntu, africanisation and the Child Justice System in the Child Justice Act 75 of 2008. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 14(4):63–90.

Snyman, C.R. 1975. The accusatorial and inquisitorial approaches to criminal procedure: some points of comparison between the South African and continental systems. *Comparative and international law journal of Southern Africa*, 8:100–11.

—. 2008. *Criminal law*. 5de uitgawe. Durban, Johannesburg en Kaapstad: LexisNexis.

Strier, F. 1992–1993. What can the American adversary system learn from an inquisitorial system of justice? *Judicature*, 76:109–11.

Terblanche, S.S. 2013. The Child Justice Act: procedural sentencing issues. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 16(1):321–50.

Youth offenders. 2014. <http://www.cps.gov.uk/legal/v to z/youthoffenders> (2 Mei 2014 geraadpleeg).

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie artikel is geïnspireer deur Karels e.a. (2011:148–53).

<sup>2</sup> Sien Kruger (2010:989).

<sup>3</sup> 1975 4 SA 553 (A).

<sup>4</sup> Die beskrywing "kind" sal deurgaans in hierdie artikel gebruik word waar verwys word na beskuldigdes onder die ouderdom van 18 jaar wat strafregtelik teregstaan. Die doel hiermee is om weg te beweeg van die negatiewe etikettering as "jeugoortreder" voordat die kind aan 'n misdryf skuldig bevind is. Sien ook die bespreking van Bezuidenhout e.a. (2009:9). Dit is egter belangrik om daarop te let dat 'n "kind" ingevolge art. 1 van die Child Justice Act in sekere omstandighede ook 'n persoon insluit wat ouer as 18 jaar maar onder die ouderdom van 21 jaar is.

<sup>5</sup> *S v Lehnberg* 1975 4 SA 533 (A) 561A–B: “Jeugdigheid is onvolwassenheid, gebrek aan lewenservaring, onbesonnenheid, en veral ’n geestestoestand van vatbaarheid vir beïnvloeding, veral deur volwassenes.”

<sup>6</sup> Die beslissing in *Centre for Child Law v Minister of Justice and Constitutional Development (National Institute for Crime Prevention and the Re-integration of Offenders, as Amicus Curiae)* 2009 2 SACR 477 (KH) het teweeggebring dat art. 51 van die Strafregwysigingswet 105 van 1997 (soos gewysig deur Wet 38 van 2007) nie van toepassing is op ’n beskuldigde wat ten tye van die pleging van die misdryf ’n kind was nie.

<sup>7</sup> Sien art. 290 van die Strafproseswet 51 van 1977. Sien ook *S v Nkosi* 2002 1 SA 135 (W) 147f vir ’n uiteensetting van beginsels wat by gepaste strafopsies vir kinders in aanmerking geneem is.

<sup>8</sup> 75 van 2008.

<sup>9</sup> 1996.

<sup>10</sup> Sien veral die voorwoord tot die Child Justice Act, wat die volgende doelstellings daarstel: “[To] establish a criminal justice system for children, who are in conflict with the law, in accordance with the values underpinning our Constitution and our international obligations ...”

<sup>11</sup> 2012 2 SASV 160 (WKK) par. 24.

<sup>12</sup> (2011:64).

<sup>13</sup> Sien in hierdie verband die bespreking van Sloth-Nielsen en Gallinetti (2011:65). As ’n voorbeeld hiervan kan gelet word op die bepalings van art. 69(1) van die Child Justice Act wat die doelstellings van vonnisoplegging t.o.v. ’n kind uiteensit: “In addition to any other considerations relating to sentencing, the objectives of sentencing in terms of this Act are to – (a) encourage the child to understand the implications of and be accountable for the harm caused; (b) promote an individualized response which strikes a balance between the circumstances of the child, the nature of the offence and the interests of society; (c) promote the reintegration of the child into the family and community; (d) ensure that any necessary supervision, guidance, treatment or services which form part of the sentence assist the child in the process of reintegration; and (e) use imprisonment only as a measure of last resort and only for the shortest appropriate period of time.”

<sup>14</sup> Art. 28 van die Grondwet, asook art. 3(1) van die International Convention on the Rights of the Child.

<sup>15</sup> Robinson (1997:303).

<sup>16</sup> Soos aangehaal in Currie en De Waal (2005:618).

<sup>17</sup> 2007 2 SASV 539 (KH)par. 24.

<sup>18</sup> (1968:35).

<sup>19</sup> (2010:434). Die omskrywing in *S v Williams* 1980 1 SA 60 (A) 63A–B is soortgelyk: “n Medepligtige se aanspreeklikheid is aksessories van aard sodat daar geen sprake van ’n medepligtige kan wees sonder ’n dader of mededaders wat die misdaad pleeg nie. ’n Dader voldoen aan al die vereistes van die betrokke misdaadomskrywing. Waar mededaders saam die misdaad pleeg, voldoen elke mededader aan al die vereistes van die betrokke misdaadomskrywing. Daarenteen [sic] is ’n medepligtige nie ’n dader of mededader nie aangesien die dader se *actus reus* by hom ontbreek. ’n Medepligtige vereenselwig hom bewustelik met die pleging van die misdaad deur die dader of mededaders deurdat hy bewustelik behulpsaam is by die pleging van die misdaad of deurdat hy bewustelik die dader of mededaders die geleentheid, die middele of die inligting verskaf wat die pleging van die misdaad bevorder.”

<sup>20</sup> (2008:257); sien ook Du Toit e.a. (2010:22–10 “Perpetrators and co-perpetrators are those persons whose actions and intent must satisfy all the definitional aspects of the crime ... The liability of a perpetrator or co-perpetrator is founded on his own act and his own intention and is not accessory as in the case of an accomplice.”

<sup>21</sup> (1994:333).

<sup>22</sup> Sien ook Snyman (2009:261).

<sup>23</sup> (2010:688) met verwysing na sake van *S v Williams* 1998 2 SASV 191 (HHA) 193c–d; *S v Phallo* 1999 2 558 (HHA) 569c–e.

<sup>24</sup> (2010:442).

<sup>25</sup> (2010:446).

<sup>26</sup> Hierdie benadering is ook gevolg in *S v Witbooi* 1994 1 SASV 44 (Ck) 47a; *R v Bagas* 1952 1 SA 437 (A) 441E; *R v Nzuzu* 1952 4 SA 376 (A) 380C.

<sup>27</sup> (2013:288).

<sup>28</sup> 1 SA 437(A)441E.

<sup>29</sup> Sien in hierdie verband *R v Shapiro*(2) 1937 OPD 67, 70; *R v Sebogodi* 1947 4 SA 16 (T) 17.

<sup>30</sup> 2013 2 SASV 399 (OK) par. 18.

<sup>31</sup> Snyman (1975:101, 111) verklaar: “[T]he purely accusatorial character of the Anglo-American, and also the South African criminal procedure, is qualified by inquisitorial traits. It nevertheless remains, in principle, accusatorial compared to the continental systems.”

<sup>32</sup> Brett (1973:9). Sien ook Strier (1992–1993:109): “[T]he adversary and inquisitorial systems are not alternatives for achieving the same theoretical objective: the adversary system serves to resolve conflict, while the inquisitorial system serves to enforce state goals.”

<sup>33</sup> Finn (2009:318).

<sup>34</sup> Snyman (1975:103): “[T]he continental judge plays a more active role during (and sometimes before) the trial ... He is in no way bound merely to consider the facts and evidence adduced by the parties, but must (in accordance with the original meaning of the term *inquisitio* – a searching after) himself see to it that the information and considerations necessary to decide the issue are investigated and borne out at the trial.” King (2001–2002:188) beskryf die soek na die materiële waarheid soos volg: “Also, in some ways the inquisitorial system can be regarded as having a hierarchical structure of values. Atop the courts’ list is Truth, so only in extreme circumstances will it lose out as the end goal of judicial proceedings. The ‘pragmatic truth’ sought by the adversarial system does not denote apathy towards what really occurred in a transaction. It maintains full accounting of what happened as a goal, but it will subordinate this in favor of other social values.”

<sup>35</sup> Schwikkard e.a. (2009:469).

<sup>36</sup> Sien as vb. van ’n geval waar die hof ’n beskuldigde kan terugroep, *S v Mazibuko* 1988 3 SA 190 (A).

<sup>37</sup> Snyman (1975:103).

<sup>38</sup> 1928 AD 265, 277. Sien ook die bespreking in Kruger (2010:511).

<sup>39</sup> Art. 83(1) van die Child Justice Act: “No child appearing before a child justice court may waive his or her right to legal representation.”

<sup>40</sup> Finegan (2009:487). Sien ook Snyman (1975:103) in hierdie verband: “The accusatorial system can indeed aptly be described as a process dominated by the principle of two equal parties opposing each other ... in which the judge is merely the umpire.”

<sup>41</sup> Nagorcka e.a. (2005:450).

<sup>42</sup> Sien Kruger (2010:989).

<sup>43</sup> Sien Kruger (2010:989).

<sup>44</sup> Sien in hierdie verband die riglyne soos uiteengesit in *A practical guide, court and case flow management for regional and district criminal courts* (2010:6): “In addition to the above, cases involving the following must be prioritised: – juveniles, – detainees, – witnesses and/or accused persons from out of town.”

<sup>45</sup> 2009 1 SASV 533 (T) 54.

<sup>46</sup> Terblanche (2013:322).

<sup>47</sup> (2010:848).

<sup>48</sup> Hungerford-Welch (2009:309).

<sup>49</sup> Hungerford-Welch (2009:318). Verskille sluit die volgende in: Die verhoor geskied *in camera*, soos gereël deur art. 47(2) van die Children and Young Persons Act van 1933; die jeugdige beskuldigde word nie geplaas in die beskuldigdebank nie, maar sit op ’n stoel naby sy of haar ouer of voog; die beskuldigde word op sy voornaam aangespreek; die eed neem ’n ander vorm aan, naamlik een waarin die jeugdige “belowe” om die waarheid te praat in plaas daarvan om te “sweer”; en die terminologie wat gebruik word, verskil. Sien ook Hungerford-Welch (2009:338), waar verwys word na *V v UK* 2000 30 (EHRR) 121. In hierdie saak het die European Court of Human Rights beslis dat die reg op ’n billike verhoor van die twee beskuldigdes deur die verhoorhof (naamlik die Crown Court) geskend is; en dit nieteenstaande die feit dat die verhoorregter met die aanvang van die verhoor ingevolge art. 39 van die Children and Young Persons Act gelas het dat geen publikasie van die name, adresse of enige besonderhede wat die beskuldigdes kan identifiseer, mag geskied nie; en dat geen foto’s gepubliseer mag word selfs waar die verhoor in die teenwoordigheid van nasionale en internasionale mediavertegenwoordigers plaasgevind het. Jeugdiges moet ten spyte van wye mediabelangstelling in ’n saak op sodanige wyse verhoor word dat die jeugdige so ver as moontlik nie geïntimideerd voel nie. Die spesifieke ingerigte, opgeligte bank wat die kinders in staat gestel het om te sien wat gebeur, het nadelige ongemak veroorsaak en die kinders wat verhoor was, laat voel of hulle deur die pers en die media bestudeer word. Die beskuldigdes het ook weens die spanning wat hul ervaar het, hul regsveteenwoordigers moeilik van instruksies voorsien; kon nie die verhoor na behore volg nie, en ook nie besluite neem wat in hul beste belang was nie. Die uiteindelike gevolg van al hierdie faktore was dat die beskuldigdes nie in staat was om effektiief aan die verhoor deel te neem nie en het gevolglik nie ’n billike verhoor gehad nie.

<sup>50</sup> Hungerford-Welch (2009:326–7). Die wetgewing van toepassing is art. 46 van die Children and Young Persons Act van 1933, art. 18 van die Children and Young Persons Act van 1963 en artt. 24 en 29 van die Magistrates' Courts Act van 1980.

<sup>51</sup> Hungerford-Welch (2009:337).

<sup>52</sup> Sien ook Hungerford-Welch (2009:338), waar verwys word na *R v Coventry City Magistrates* 1992 156 (JP) 809. Hier word beslis dat 'n jeughof egter ook die bevoegdheid het om 'n jeugdige na die "crown court" vir verhoor te stuur selfs al het die aanvanklike verskyning van die jeugdige en die volwasse medebeskuldigde apart geskied en die medebeskuldigde reeds verwys is vir verhoordoeleindes.

<sup>53</sup> Hungerford-Welch (2009:337).

<sup>54</sup> *Ibid.*

<sup>55</sup> Hungerford-Welch (2009:338).

<sup>56</sup> Youth offenders (2014).

<sup>57</sup> 2009 6 SA 632 (KH) par. 29 .